agra SERVICE·RANGE·COUNTRYWIDE

RING

agra SERVICE·RANGE·COUNTRYWIDE

NOVEMBER 2008

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER
AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

AGRA NEWS

NAMIBIË SE NUWE ARBEIDSWET (NO. 11 VAN 2007)[1], HOE RAAK DIT DIE PRODUSENT

Die nuwe Arbeidswet (No. 11 van 2007) is op 12 Desember 2007 deur die Staatspresident onderteken en op 31 Desember 2007 in die Staatskoerant gepubliseer. Alhoewel die Wet reeds volgens Goewermentskennisgewing No. 236 afgekondig is, sal die datum van implementering deur die Minister in die Staatskoerant afgekondig word.

Die nuwe Wet maak voorsiening dat die bepalings stuk-stuk geïmplimenteer kan word op verskillende datums. Die datum van 01 November 2008 is geoormerk vir die implementering van die nuwe Arbeidswet. Dit is egter nie duidelik of die volledige Wet, of net sekere van die bepalings daarvan, op 01 November 2008 in werking gaan tree nie. In laasgenoemde geval (stuk-stuk implementering) sal die huidige Arbeidswet (No. 6 van 1992) steeds van krag bly behalwe vir die bepalings daarin wat vervang gaan word.

Die Ministerie van Arbeid het reeds in 1998 'n projek van stapel gestuur om die effektiwiteit van die huidige Arbeidswet (No. 6 van 1992) te ondersoek. Die resultaat hiervan was die afkondiging van 'n nuwe Arbeidswet in 2004 (No. 15 van 2004). Hierdie Wet kon egter nie volledig geïmplementeer word nie weens inherente tegniese tekortkominge.

Dit het gelei tot 'n totale tegniese hersiening van die Arbeidswet in 2005. Na 'n proses van konsultasie is 'n nuwe Arbeidswet (No. 11 van 2007) uiteindelik aanvaar en afgekondig. Alhoewel die beginsels van die nuwe Wet ooreenstem met die huidige Wet, asook die bepalings van Wet No. 15 van 2004, is daar tog omvattende veranderinge wat veral op landbouprodusente as werkgewers van toepassing is. Van die belangrikste waarop gelet moet word, is die volgende:

Definisie van basiese salaris ("basic wage"): In die nuwe Wet word 'n basiese salaris gedefineer as die vergoeding in geld-terme insluitend die kontantwaarde van enige in natura vergoeding ("cash equivalent of payment in kind"). Hierdie verandering gaan 'n invloed hê op die berekening van vergoeding ten opsigte van oortydbetalings, kraamverlof, uittreelone ("severence pay") en gepaardgaande verlofuitbetalings.

Bepaling van vergoeding en basiese salaris: Die nuwe Wet maak voorsiening vir betaling op 'n uurlikse, daaglikse, weeklikse, tweeweeklikse en maandelikse basis. Indien 'n wernemer vergoed word op 'n basis anders as tyd gewerk, word die vergoeding bereken op 'n weeklikse basis (Tabel 1 in die nuwe Wet). In die nuwe Wet word slegs 'n werknemer ("employee") gedefineer en nie meer los werkers of stukwerkers nie (dit kan 'n invloed hê op werkerregistrasie by die Social Security Commission sodra die nuwe Wet geïmplementeer word).

Jaarlikse verlof: Die nuwe Arbeidswet bepaal dat 'n werknemer wat ses dae per week werk, geregtig is op 'n minimum van 24 aaneenlopende werksdae (vakansiedae uitgesluit indien dit op 'n normale werksdag val) as jaarlikse verlof teen volle betaling. Hierdie verlof moet toegestaan word binne vier maande na die einde van 'n verlofsiklus (die tydperk mag egter verleng word na ses maande na die einde van 'n verlofsiklus indien die werkgewer en werknemer skriftelik daartoe ooreenkom).

Die implikasie hiervan is dat werknemers nie hul verlofdae mag ophoop ad infinitum nie, maar dat die verlofdae gebruik moet word binne die voorgenoemde tydperke. Sou 'n werknemer dus volgens eie keuse nie van hierdie verlof gebruikmaak binne die voorgeskrewe tydperke nie, gaan sodanige opgehoopte verlof verbeur word.

Werknemers mag op eie versoek aansoek doen vir geleentheidsverlof teen volle betaling deur die loop van 'n jaar. Indien toegestaan, mag die werkgewer sodanige verlof aftrek van die totale jaarlikse verlof waarop die werknemer geregtig is. Werkgewers mag nie verlof uitbetaal ten einde werknemers in aktiewe diens te hou nie (verlofuitbetalings kom slegs ter sprake by diensbeëindiging).

Siekverlof: Alhoewel die nuwe Wet voorsiening maak dat 'n mediese sertifikaat aangevra mag word na 'n afwesigheid van twee aaneenlopende dae voordat verdere vergoeding betaal word, is dit nie meer 'n vereiste dat die sertifikaat deur 'n mediese dokter uitgereik word nie. In die nuwe Wet word verwys na 'n mediese praktisyn wat insluit enige persone geregistreer in terme van die Mediese en Tandheelkundige Beroepswet (No. 10 van 2004), asook persone wat geregistreer is as verpleegkundige in terme van die Verpleegkunde Wet (No. 8 van 2004). Hierdie bepaling geld ook ten opsigte van kraamverlof.

Deernisverlof ("compassionate leave"): Die nuwe Wet bepaal dat elke werker geregtig is op vyf werksdae deernisverlof per jaar teen volle vergoeding. Dit geld in gevalle van dood of ernstige siekte in die familie ten opsigte van 'n biologiese of aangenome kind, gade, ouers, skoonouers, grootouers, broer of suster van die werknemer. Volgens die nuwe Wet moet die Minister die voorwaardes vir aansoek om deernisverlof en die inligting nodig om so 'n aansoek te staaf, voorskryf.

Kraamverlof: In die nuwe Wet is 'n vrou geregtig op 12 weke kraamverlof (vier weke voor bevalling en agt weke na bevalling) indien sy vir ten minste ses maande aaneenlopend/voltyds in diens was. Die vrou (as werknemer)

to continue on page 2...

continued from page 1...

moet 'n mediese sertifikaat, uitgereik deur 'n mediese praktisyn, voorlê wat aandui die verwagte datum van bevalling voordat kraamverlof toegestaan kan word. Daarna moet sy ook 'n mediese sertifikaat, uitgereik deur 'n mediese praktisyn, voorlê sodra sy weer in diens tree (na agt weke) wat die spesifieke dag van die bevalling aandui.

Vir alle praktiese doeleindes mag 'n vrou nie tydens haar kraamverlof afgedank word nie. Gedurende haar kraamverlof is die vrou steeds geregtig op volle betaling, uitgesluit haar basiese salaris, wat sy van die 'Social Security Commission' moet eis. Let weer op die definisie van 'n basiese salaris ("basic wage").

Indien daar komplikasies is tydens die swangerskap of geboorte, mag 'n vrou se kraamverlof verleng word met een maand, of indien haar beskikbare siekverlof meer is as 'n maand, tot die aantal dae wat 'n maand oorskry. In hierdie geval moet 'n mediese praktisyn die diagnose sertifiseer. Sodanige kraamverlof moet geneem word onmiddellik voor of onmiddellik na die vrou se toegestaande kraamverlof.

Voorsiening van behuising vs diensbeëindiging: Volgens die nuwe Arbeidswet moet werknemers van wie verwag word om op 'n plaas te bly ("an employee who lives on agricultural land"), van voldoende behuising, wat insluit sanitêre- en waterfasiliteite, voorsien word. Voorts moet die werknemer toegelaat word om lewende hawe aan te hou en om die grond te bewerk ten einde in die familie se bestaansbehoeftes te voorsien, of om (in terme van 'n ooreenkoms met die werknemer) voldoende voedsel te ontvang om in die familie se bestaansbehoefte te voorsien, of om die werknemer 'n addisionele bedrag te betaal om so 'n doelwit te bereik.

Die nuwe Arbeidswet bepaal dat indien 'n werknemer (volgens voorvermelde voorwaardes) se diens beëindig word, is dit die plig van die werkgewer om sodanige werknemer 'n drie maande skriftelike kennisgewing te gee om die behuising te ontruim.

In so 'n geval, sou die werknemer binne 30 dae vanaf datum van kennisgewing van diensbeëindiging 'n klag van onregverdige ontslag aanteken by die Arbeidskommissaris, mag die werknemer aanbly tot tyd en wyl daar 'n uitslag rakende die dispuut is.

Voorkoming en oplossing van arbeidsdispute: Die nuwe Wet volg 'n ander roete ten opsigte van arbeidsdispute. Enige dispuut rakende die fundamentele regte volgens die nuwe Arbeidswet, veral Hoofstuk 5 (Verbod op diskriminasie en seksuele teistering) en Hoofstuk 6 (Vryheid van assosiasie) of ander regte volgens Hoofstuk 3 van die Konstitusie ("Bill of Rights") kan skriftelik aan die Arbeidskommissaris gerig word.

Indien die dispuut handel oor beweerde diskriminasie, dan is versoening ("conciliation") die eerste stap om dit op te los. Indien die versoeningspoging faal, dan volg 'n proses van skeidsregterlike beslissing ("arbitration"). Dispute oor fundamentele regte is direk aan laasgenoemde proses onderworpe. Partye tot 'n dispuut kan ook skriftelik instem tot 'n privaat skeidsregterlike beslissing ("private arbitration").

Rekordhouding: Die nuwe Wet is voorskriftelik ten opsigte van rekordhouding van arbeidsaangeleenthede en dat arbeidsrekords vir 'n aktiewe periode van vyf jaar gehou moet word. Gegewe al die verwagte veranderinge sodra die nuwe Wet in werking tree, sal dit wys wees om deeglike en volledige rekords te hou van alle arbeidsaangeleenthede ten einde aan die vereistes van die nuwe Wet te voldoen en om onnodige vertragings ten tye van dispute te vermy.

Vir meer inligting rakende die nuwe Arbeidswet, skakel die Landbouwerkgewersvereniging: (061) 23 7838. 'n Publikasie oor die nuwe Arbeidswet (Understanding Namibia's Labour Law: A Guide to the Labour Act No. 11 of 2007) is verkrygbaar by die Labour Resource and Research Institute (LaRRI): (061) 21 2044.

Wallie Roux

(Endnotes)

1 Inligting verskaf deur die Labour Resource and Research Institute (LaRRI) en die Landbouwerkgewersvereniging.

REDAKSIONEEL

01 November 2008 is geoormerk vir die implimenteering van die nuwe Arbeidswet. Dit is egter nie duidelik of die volledige Wet of net sekere van die bepalings daarvan op 01 November in werking gaan tree nie. Ter inligting vir die produsente word sekere belangrike aspekte van die Wet op bladsy 1 en 2 deurgegee.

Dit het weer tyd geword vir lede om kennis te dra van die Algemene Jaarvergadering van Agra wat op 27 November in Windhoek gaan plaasvind. Lede kan hulself vergewis van die kennisgewing en agenda wat op onderskeidelik bladsy 4 en 6/7 in hierdie uitgawe van die Ring verskyn.

Die Algemene Jaarvergadering is een geleentheid waar lede ingelig word oor die aktiwiteite van die Koöperasie en waar die finansiële stand van hulle organisasie voorgehou word. Lede kry die geleentheid om teenoor die direksie en bestuur hulle menings te lug rakende noodsaaklike aangeleenthede in belang van die Koöperasie. Graag versoek ons alle lede om die vergadering bytewoon en daardeur 'n bydrae te lewer.

Agra was op verskeie terreine betrokke by die Windhoek Skou as borg, uitstaller en aanbieder van die gewilde grootvee stoetveiling. Agra is ook aangewys as die beste buite uitstaller tydens die skou. Die skoukomitee van Agra verdien 'n spesiale woord van gelukwensing en dank vir hulle harde werk en insette.

Graag wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir Ryno van der Merwe, Voorsitter van Agra se Raad van Direkteure hartlik geluk te wens met sy aanstelling as President van die Namibië Landbou Unie vir die volgende 4 jaar termyn.

Lede is baie welkom om te reageer op artikels wat verskyn of selfs 'n bydrae vir 'n uitgawe te lewer. Stuur u bydraes en reaksie aan die Bemarkingsbestuurder van Agra, Birgit Hoffmann by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Groete tot 'n volgende uitgawe!

Alida Coertzen
Kommunikasiebeampte
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel: 061-290 9234
E-pos: alidac@agra.com.na

NOTICE

notice notice notice notice notice notice notice n

KENNISGEWING VAN 'n VERKIESINGSVERGADERING VAN DIREKTEURE VIR STREEK 2 (SENTRAAL)

KENNIS geskied hiermee van 'n verkiesings-vergadering vir Direkteure vir Streek 2 (Sentraal) wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

PLEK: Agra/Bank Windhoek Ring
Bell Straat, WINDHOEK

DATUM: 27 NOVEMBER 2008

TYD: 08:00 (Registrasie 07:30)

Slegs lede van Streek 2 (Sentraal) is geregtig om te stem: Karibib, Omaruru, Okahandja, Windhoek, Gobabis, Rehoboth

SAKELYS

1. *Opening & konstituering*
2. *Verkiesing van Direkteure*
   Streek 2 (Sentraal)
   Herkiesbaar: Mnr S Wilckens
   Genomineer: Mnr BS Siyambango

NOTICE OF AN ELECTION MEETING OF DIRECTORS FOR REGION 2 (CENTRAL)

NOTICE is hereby given that an election meeting of Directors for Region 2 (Central) will be held at the place and date as mentioned below.

VENUE: Agra/Bank Windhoek Ring
Bell Street, WINDHOEK

DATE: 27 NOVEMBER 2008

TIME: 08:00 (Registration 07:30)

Please note only members of Region 2 (Central) are eligible to vote: Karibib, Omaruru, Okahandja, Windhoek, Gobabis, Rehoboth

AGENDA

1. *Opening and constitution*
2. *Election of Directors*
   Region 2 (Central)
   Eligible for re-election: Mr S Wilckens
   Nominated: Mr BS Siyambango

IN OPDRAG VAN DIE RAAD / BY ORDER OF THE BOARD

L van Wyk - Sekretaris / Secretary
Privaatsak / Private Bag 12011, WINDHOEK
10 Oktober / 10 October 2008

KENNISGEWING VAN DIE AGT-EN-TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN LEDE VAN AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK

KENNIS geskied hiermee van die agt-en-twintigste Algemene Jaarvergadering van lede van AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK. wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

PLEK: Agra/Bank Windhoek Ring
Windhoek Skougronde, Bell Straat,
Windhoek

DATUM: 27 November 2008

TYD: 09:00 (Registrasie 08:30)

IN OPDRAG VAN DIE RAAD:
L van Wyk - Sekretaris
Privaatsak 12011, Windhoek
15 September 2008

NOTICE OF THE TWENTY EIGHT ANNUAL GENERAL MEETING OF MEMBERS OF AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED

NOTICE is hereby given that the twenty eight Annual General Meeting of members of AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED will be held at the place and date as mentioned below.

VENUE: Agra/Bank Windhoek Ring
Windhoek Showgrounds, Bell Street,
Windhoek

DATE: 27 November 2008

TIME: 09:00 (Registration 08:30)

BY ORDER OF THE BOARD:
L van Wyk - Secretary
Private Bag 12011, WINDHOEK
15 September 2008

AGENDA FOR THE 28TH ANNUAL GENERAL MEETING OF AGRA (CO-OP) LTD ON 27 NOVEMBER 2008

1. **Opening, welcome and constitution.**

2. **Approval of the minutes of the Twenty-Seventh Annual General Meeting of members held on 29 November 2007 in Windhoek.** (Refer to the abovementioned minutes, available for inspection at all branches)

3. **Overview of the financial year ended 31 July 2008 by the Chief Executive Officer of Agra**

4. **Approval** of:-
   - 4.1 Report by the Board of Directors
   - 4.2 Honoraria for Directors and Supervisory Committee members
   - 4.3 Auditors remuneration for the past financial year
   - 4.4 Financial statements as at 31 July 2008

5. **Budget 2008/2009**
   - 5.1 Overview
   - 5.2 Approval

6. **Election of Directors:**

Region 2 (Central)
Eligible for re-election: Mr. S Wilckens
Nominated: Mr. BS Siyambango

Appointment of Supervisory Committee:

Region 1 (North)
One vacancy
No nominations received

Region 3 (South)
One vacancy
No nominations received

7. **Withdrawal of shares** in terms of Section 10.3 of the By-Laws in respect of members who have **ceased farming activities** permanently. (Refer information available for inspection at all branches)

8. **Withdrawal of shares** in terms of Section 13 of the By-Laws in respect of members of Agra who **resigned** (Refer information available for inspection at all branches)

9. **Motions:**
   No motions have been received.

10. Subject to Section 22.1.5 of the By-Laws any other business that may be dealt with at an Annual General Meeting.

BY ORDER OF THE BOARD

L van Wyk - Secretary
PRIVATE BAG 12011, WINDHOEK
10 October 2008

REGISTERED ADDRESS:

8 Bessemer Street, Private Bag 12011, Windhoek
BANKERS: Bank Windhoek Limited
AUDITORS: PricewaterhouseCoopers
ATTORNEYS: Engling, Stritter & Partners

PLEASE NOTE:

General information relating to procedures applicable to the Annual General Meeting:

1. A discussion point submitted by a member should preferably be introduced by such a member in person to ensure proper motivation and discussion.

2. The result of the vote count for or against every motion and the result of the election of Directors and Members of the Supervisory Committee will be determined at the meeting.

3. Retiring members of the Supervisory Committee, who make themselves available for re-election as members of the Supervisory Committee or the Board, in whichever capacity, are deemed to be nominated automatically in the region he/she resides in.

4. Directors are elected according to the region he/she resides in.

5. The quorum will be determined at the meeting in terms of Section 22.10 of the Statute.

6. All proxies must be lodged not later than 25 November 2008 at 16:00 at Agra Head Office, Windhoek.

SAKELYS VIR DIE 28STE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN AGRA (KOÖP) BPK OP 27 NOVEMBER 2008

1. **Opening, verwelkoming en konstituering**

2. **Goedkeuring van die notule van die Sewe en Twintigste Algemene Jaarvergadering van lede soos gehou op 29 November 2007 te Windhoek**
   (Bogenoemde notule sal by alle takke ter insae wees)

3. **Oorsig deur die Hoof Uitvoerende Beampte ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2008**

4. **Goedkeuring van:-**
   4.1 Verslag van die Raad van Direkteure
   4.2 Honorarium van Direkteure en Toesighoudende Komiteelede
   4.3 Ouditeursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar
   4.4 Finansiële state soos op 31 Julie 2008

5. **Begroting 2008/2009**
   5.1 Oorsig
   5.2 Goedkeuring

6. **Verkiesing van Direkteure:**

   Streek 2 (Sentraal)
   Herkiesbaar: Mnr S Wilckens
   Genomineer: Mnr BS Siyambango

   Aanwys van Toesighoudende Komitee Lede:

   Streek 1 (Noord)
   Een vakature
   Geen nominasies ontvang

   Streek 3 (Suid)
   Een vakature
   Geen nominasies ontvang

7. **Intrekking van aandele** kragtens Artikel 10.3 van die Statuut ten opsigte van lede wat boerdery permanent gestaak het. (Vergelyk inligtingstukke wat by alle takke ter insae sal wees)

8. **Intrekking van aandele** kragtens Artikel 13.1 van die Statuut ten opsigte van lede van Agra wat bedank het. (Vergelyk inligtingstukke wat by alle takke ter insae sal wees)

9. **Mosies:**
   Geen mosies is ontvang nie.

10. Kragtens Artikel 22.1.5 van die Statuut, **enige ander besigheid** wat tydens 'n algemene jaarvergadering hanteer mag word:

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

L van Wyk - Sekretaris
PRIVAATSAK 12011,WINDHOEK
10 Oktober 2008

GEREGISTREERDE ADRES:

Bessemerstraat 8, Privaatsak 12011, Windhoek
BANKIERS: Bank Windhoek Beperk
OUDITEURE: PricewaterhouseCoopers
PROKUREURS: Engling, Stritter & Vennote

LET WEL:

Prosedure van toepassing op die Algemene Jaarvergadering vir algemene inligting:

1. 'n Beskrywingspunt wat deur 'n lid ingedien is, moet verkieslik in eie persoon ingelei word sodat dit behoorlik gemotiveer en bespreek kan word.

2. Die uitslag van die stemmetal ten gunste van of teen elke mosie en die uitslag van die verkiesing van direkteure en lede van die Toesighoudende Komitee, word op die vergadering bepaal.

3. Uittredende lede van die Toesighoudende Komitee wat hulleself beskikbaar stel vir verkiesing as lede van die Toesighoudende Komitee of die Raad, in watter hoedanigheid ook al, word outomaties as genomineer beskou in die betrokke streek waarin hy/sy woonagtig is.

4. Direkteure word verkies volgens die streek waarin hy/sy woonagtig is.

5. Die kworum sal volgens Artikel 22.10 van die Statuut op die vergadering bepaal word.

6. Volmagte moet Agra se Hoofkantoor in Windhoek nie later as 25 November 2008 om 16:00 bereik nie.

NOTICE

notice notice notice

NOTICE OF A SPECIAL GENERAL MEETING
(IMMEDIATELY AFTER CLOSURE OF THE ANNUAL GENERAL MEETING)

AMENDMENT OF AGRA BYLAWS

NOTICE is hereby given that the Special General Meeting's approval is required to amend the Bylaws in execution of the following resolution:

Resolution 1:

1. ***Bylaw 11.5 be deleted altogether and replaced with the following text:***

"If a member had conducted business with the Co-operative for an aggregate amount of less than N$50,000 over an uninterrupted period of 5 years, such members' shares may, upon recommendation of the board, be withdrawn by resolution of members at the General Meeting. The aforesaid amount of N$50,000 shall be adjusted annually on 01 January each year (commencing January 2010) by the CPI as published by the Bank of Namibia, or at any other General Meeting of members including the Annual General Meeting".

AGRA NEWS

AGRA PROUD TO RECEIVE

SATISFACTORY BBBEE ACCREDITATION STATUS

The Namibia Preferential Procurement Council (NPPC) has a clear and comprehensive framework for the measurement of Broad Based Black Economic Empowerment (BBBEE) across all sectors of the economy. Against this background, Agra is proud to announce that we have received satisfactory contributor status to our BBBEE from this Council. BBBEE has been adopted as an initiative of the NPPC aimed at promoting economic transformation in order to enable meaningful participation of former racially disadvantaged people, women in general and persons with disabilities in the economy.

Hanno Snyman, Agra's manager for tenders and special projects holding the certificate

Agra has been successfully measured by a generic scorecard in terms of its empowerment progress in targeted areas of development such as ownership, management, skills development, employment equity, preferred procurement practices, enterprise development and corporate social investment. These key development areas have measurable outcomes in ensuring a path to greater broad-based and effective economic participation, the right to equality, increased employment, more equitable income distribution, economic unity of the nation, equal opportunity and access to services and protection of the common market place.

The BBBEE accreditation status will be reviewed every 12 months with an ideal of increasing our score rating by implementing various initiatives pertaining to the elements of the scorecard.

The accreditation certification will be of great benefit to Agra as a preferred supplier when participating in tenders against opposition companies who might not comply with the framework for BBBEE as directed by the NPPC. This certification will be even more beneficial to Agra in the long run in the sense of aligning ourselves with proposed BBBEE and Employment Equity legislation to be introduced in the future.

(E)

AGRA NEWS

AGRA LOOKS BACK AT

SUCCESSFUL PARTICIPATION AT WINDHOEK SHOW 2008

Agra was once again very successful in its participation as exhibitor, sponsor of livestock events and auctioneer of the large stock auction at this year's agricultural and industrial show in Windhoek which took place from 26 September to 04 October 2008.

The livestock exhibitors' evening was thoroughly enjoyed by a number of invited guests, breeders and livestock producers. Agra was a co-sponsor of the evening's activities. In his sponsorship speech, Pieter Hugo, senior manager livestock emphasised in his speech that we should also look around us and take stock and then we'll realise how much we have to be grateful for:

Pieter Hugo

- We live in a beautiful country. There is peace and stability and we have a government that strives to create an ideal production environment.
- We have organised agriculture, people and organisations that work very hard to represent and negotiate for farmers of Namibia, co-ordinate agricultural activities and develop agriculture in line with Vision 2030.
- The producers in Namibia are people who know, who can and who want to.
- The genetic quality of Namibian animals is of the highest and time and again, on stud auctions and also at the shows, it is an absolute privilege and pride to see what the Namibian farmers bring to the table.
- We are also proud and grateful if we read or hear things like:
  - Simbra bull takes highest price
  - Swakara still in demand
  - Agra/Bank Windhoek Ring is one of the best auction facilities in Southern Africa.
- Agra is also grateful and proud to be able to say, we have been there all along, through good days and bad and we trust that we will always be there.

Kiep Lepen and Oliver Horsthemke

Kiep Lepen, Agra's manager for stud services received a special award during the evening for his outstanding contribution over the years to the stud services industry in Namibia. This award was presented by Oliver Horsthemke from First National Bank.

Agra was also a sponsor of various categories of the livestock championships at the show. Congratulations to all breeders who won prizes with their show animals.

(f.l.t.r.) Albe Snyman, Agra's PRO presenting the grand champion cow / heifer (dual purpose) prize to Junior Versfeld with his Braunvieh cow.

(f.l.t.r.) Albe Snyman, Agra's PRO presenting the grand champion bull (dual purpose) prize to Sidney Martin with his Simmentaler bull.

Sigi von Lüttwitz who won the prestigious "Select Cow" title with his Brahman cow with Kiep Lepen from Agra.



Photo: Agriforum

Photo: Agriforum

Agra especially congratulate our board members, Messrs Ryno van der Merwe and Sigi Wilckens who showed champions at the Windhoek show with their respective Brahman and Limousins who also kicked dust in the eyes of their competitors during the interbreed championships.

During the large stock auction, held by Agra at the Agra/Bank Windhoek Ring on Friday, 03 October 2008, a record price was recorded for a Brahman bull. This is also a record price for any breed.

A new Namibian record was set when André Compion of Farm Elisenore in the Okahandja district paid N$170 000 for a Brahman bull, by name Makalani Mr Tralon from the Makalani Brahman stud of Kasper Günzel. Makalani Mr Tralon was also Brahman bul of the year at both Grootfontein and Windhoek Shows for 2007. The second most expensive bull came from the André Compion Brahman stud and were traded for N$110 000 and purchased by Dr Johan Rieckert and Niel du Plooy of Marco Farming in Windhoek. Two other Brahman bulls that also came under the hamer were sold for N$95 000 to Gunther Hellinghausen & Hagen Eggert and for N$66 000 to Benna van Wyk respectively. Both Brahman bulls are sons of the Brahman bull, Makalani Mr Tralon and sold by Kasper Günzel.

According to Kiep Lepen, manager stud services the white Brahmans is of exceptional high quality, which was proven by the record price obtained. “N$170 000 is the highest price ever paid for a Brahman bull, which certainly is a worthy Namibian record, “ Kiep Lepen said. The reserve Brahman breed champion and reserve inter-breed champion for 2008 at the Windhoek Show is also from the Makalani Brahman stud and will replace the renowned Mr Tralon as stud bull in future.

Another Brahman bull from the Savannah Brahman stud of Dirk Uys was also sold for N$66 000 to Mr E. Botha.

“In general the quality of all the bulls offered for sale at the Agra show auction this year was higher compared to the previous two years”, said Kiep Lepen, Agra’s manager for stud services.

Average prices recorded during the auction were as follows:

Brahman Bulls	N$ 63 727	(average)	vs	N$170 000	(highest)
Brangus Bul	N$ 18 000	(average)	vs	N$ 18 000	(highest)
Simmentaler Bulls	N$ 29 125	(average)	vs	N$ 52 000	(highest)
Braunvieh Bulls	N$ 28 000	(average)	vs	N$ 28 000	(highest)
Charolay Bull	N$ 20 000	(average)	vs	N$ 20 000	(highest)
Limosine Bull	N$ 31 000	(average)	vs	N$ 31 000	(highest)
Simbra Bulls	N$ 38 000	(average)	vs	N$ 60 000	(highest)
Braunvieh Heifer	N$ 33 000	(average)	vs	N$ 33 000	(highest)
Simbra Heifer	N$ 11 250	(average)	vs	N$ 11 250	(highest)

(E)

GOUD VIR AGRA BY WINDHOEK SKOU

AGRA NEWS

Agra het vanjaar ‘n goue toekenning en die wisseltroefee vir die beste buite uitstalling losgeslaan met sy stalletjie by vanjaar se Windhoek Skou.

Die uitstalling in Windhoek was van hoogstaande en professionele gehalte en het positiewe reaksie van die publiek uitgelok.

Die skoukomitee van Agra verdien ‘n spesiale woord van gelukwensing en dank vir hulle harde werk en insette. Die komitee het bestaan uit Erika Pienaar en Graeme Schaefer van die aankope kantoor, Tobie Barlow en Herman van Vuuren van Windhoek tak, Hennie Bergh en Gordon Kennedy van Safari Den, Morne Nell (Auas Wholesalers), Jaco Booysen (Auas Vet Med) en Ulandi Philander (Bemarking). Volgens die komitee is die prestasie te danke aan ‘n spanpoging deur al die betrokkenes.

Uitstallings het gewissel van veevoere, dieregesondheidsmiddels, watertoerusting, safari- en kampeertoerusting, om ‘n paar te noem. Die verskaffers was deurentyd beskikbaar om self hulle produkte bekend te stel.

‘n Spesiale hoekie is vir die lewendehawe produsente ingerig, waar die dag met ‘n heerlike koppie koffie begin kon word.

Nogmaals hartlik geluk aan die Agra span!

(R)

CALVING SEASON; HARVEST TIME

VELD MANAGEMENT

The calving season is upon those farmers who had their cows mated in the summer mating season (January to March) earlier this year. The birth of calves is the beginning of harvest time for farmers (see pictures below); when all their effort, planning and preparation starts to show and yields results. The measure of profitability of a beef cattle enterprise is the following:

Net income of enterprise = gross income – variable costs

The farmer's inputs are contained in the term "gross income" and can be expressed as:

Gross income = fertility x stocking rate x productive lifetime x mass at marketing x unit price

whereas the variable costs associated with the beef cattle enterprise consist of:

Variable costs = inputs x unit price

Of all the components that influence the profitability of a beef cattle enterprise, the fertility of the herd is by far the most important factor. Beef cattle have to be slaughtered to obtain an income, so the more cattle can be slaughtered, the bigger the gross income. The higher the fertility, the more cattle are produced and can be slaughtered. Fertility is heritable (passed on via the genes) from parents to their offspring but only to a very small extent, so it is much easier to manage a herd well for improved fertility than to try to breed for it.



The number of calves born is the most obvious expression of fertility and also influences other components of profitability, such as the mass at marketing, the unit price achieved and, of course, the variable costs. This article will examine some factors that contribute to high fertility in peri-parturient cows (cows in late pregnancy and early lactation) while next month, proper care of the newborn calf will be discussed.

The calving rate of the national beef cattle herd is apparently only about 60%. But such a figure easily creates a wrong impression depending on how it is calculated. Calving rate should be calculated as the number of calves born alive divided by the number of cows exposed to the bull. This measures the efficiency of reproduction of cows. If 83 live calves were born from 121 cows that were joined with bulls during the mating season, then the calving rate is 83/121 x 100 = 68.6% and it shows that the reproductive rate of this herd is little better than average. Pregnancy determination performed at 1½ - 3 months after mating may find 90 cows pregnant or possibly pregnant and the calving rate can now be calculated as 83/90 x 100 = 92.2%. This is an excellent rate but in our case, conceals the fact that there is actually a problem with the fertility of this herd of 121 cows. There is more scope for error: at about 5 months after mating, an experienced farmer can see with his own eyes whether a cow is pregnant or not. So he might start culling some of those cows that are clearly not pregnant and be left with, for example, 97 "probably pregnant" cows. Now his calving rate is 83/97 x 100 = 85.6%, again an apparently excellent achievement that indicates that all is well when there is actually a problem! It is important that farm records inform the farm manager correctly and do not mislead him or conceal a problem!

What about calves born dead, or stillborn? They should be counted separately and not be included in the calculation of the herd's calving rate because again, it would conceal a problem. For the same reason twins should not be counted as two calves but only as one, even though both survived. If some of the 83 calves born in the example above are twins, the real calving rate is reduced further because even fewer cows had calved and the fertility problem becomes bigger, but is masked by the fecundity rate. Fecundity refers to how many offspring were born at the same birthing opportunity. It measures litter size and is not a reproductive rate per se. Fortunately, twinning is rare in cattle. The female member of a mixed pair of twins (one male, one female) in cattle is always infertile. She is called a "freemartin" and cannot reproduce. Since this is highly undesirable, twinning in cattle has been discouraged from time immemorial by culling and as a result, its incidence is very low. Freemartinism does not occur in small ruminants and that is why multiple births in sheep and goats are encouraged.

Why all this fuss about statistics? Well, if you didn't measure what you intended to measure, you are not managing what you thought you managed!

Cows are pregnant for roughly 9 months; from 283 days for early-maturing British beef breeds to 291 days for the larger Zebu-type breeds. If cows conceived in February, they will calve in November. Under ideal conditions, this pattern should repeat itself every year and cows should calve annually, thus maintaining a calving interval (also known as inter-calving period, ICP) of less than 400 days. This implies that cows have to re-conceive within 2-



3 months of calving, otherwise they will not be able to give a calf a year. To be able to re-conceive such a short time after calving, peri-parturient cows have to be managed correctly and be readied for the next mating season in the open period following parturition (calving). In other words, re-breeding management starts in late pregnancy already!

Most of the foetal growth occurs in the last third of gestation, from August onwards. At this time of year, the grazing is limited in both quantity (how much is available?) and quality (how nutritious is it?). Towards the end of pregnancy, the foetal products (calf and placental fluids) can weigh as much as 12-18% of the dam's own weight. All this development has to occur on dry winter grazing. It is thus of critical importance to keep pregnant cows well fed during the winter, on a condition score of 3 out of 5 (see photo 1), without over-fattening them. Over-fat cows (see photo 2) will have trouble giving birth and producing milk, as surplus body fat tends to accumulate in the reproductive tract and the udder. Pregnant cows should be rotated through the winter camps first so that they can pick off the most nutritious grazing. The camp can later be "cleaned up" by cattle at a less critical stage of their life cycle, e.g. growing steers, which defoliate the grasses to the desired level. Ensure that pregnant cows receive a winter lick that supplies the nutrients that are in short supply in veld grazing, primarily phosphorus and proteins, with some energy added to stimulate fermentation in the rumen and voluntary feed intake. If the winter grazing is very poor, the farmer might consider supplementing his pregnant cows with more than just winter lick. A small amount of an energy or production lick might be given to cows each day or even a small amount (200 g/cow) of whole maize or a similar coarse energy concentrate. A production lick provides more nutrients than a winter lick and is more expensive, with a higher daily intake. Weigh up the extra cost of supplementation against the expected benefit of earlier re-breeding and regular, annual calving.

Ripe camelthorn pods are often used as an energy supplement in Namibia, and save on costs. They should be fed whole to cattle, forcing them to chew the pods well and resulting in a large volume of saliva secreted into the rumen. This, together with the relatively slow fermentation of coarsely-chewed pod fragments minimizes the risk of acidosis poisoning ("suurpens"). The same reasons apply to feeding maize whole rather than ground. Don't be alarmed by the appearance of whole maize kernels in the dung. If the maize had been ground to a meal, more of it would have ended up in the dung but it is not noticed because it blends in, being a meal. Kernels stand out. Ripe camelthorn pods should not cause prussic acid poisoning ("blousuurvergiftiging", "geilsiekte") but just to be on the safe side, introduce pods gradually and don't feed more than 200 g of pods per cow per day. Reduce the amount fed immediately if you smell almond on the breath of cows, or add "hypo" to the lick (10%) or drinking water (1 kg on 500 l) as long as the pods are fed. Of course, if the farmers practices good grazing planning and rangeland management that ensures an adequate supply of nutritious grasses left over at the end of winter, these costs can be contained and risks need not be taken.

